# DIE NEDERDALING VAN CHRISTUS NA DIE HEL UIT 'N DOGMENHISTORIES OOGPUNT BESIEN.

Die Apostoliese Geloofbelydenis is in sy teenswoordige vorm waarskynlik nie ouer as die sesde eeu nie. Dit het uit die trinitariese doop-belydenis gegroei. Die woorde *Descendit ad Inferna*, neergedaal na die hel, is een van die laaste toevoegsels wat daaraan gemaak is. Dit kom in 390 vir die eerste keer voor, en wel in die teks van die gemeente van Aquileia, 'n stadjie aan die noordelike punt van die Adriatiese See.

Die gedagte van 'n nederdaling van Christus na die onderwêreld het egter vanaf die vroegste tye in die Kerk geleef, en dit het ook in 'n paar kerklike simbole tot uitdrukking gekom en is langs daardie weg in die Apostoliese Geloofsbelydenis opgeneem.

Dit is vir 'n juiste begrip van die ou Christelike voorstelling van hierdie nederdaling nodig om 'n duidelike insig te hê van die wêreldbeeld wat die mense in daardie dae gehad het. Hulle het gemeen dat die wêreld plat is en soos 'n skyf op die water dryf. Onder in die wêreld is dan 'n hol ruimte, 'n soort kelderagtige grondverdieping, waar die siele van die afgestorwenes versamel word en waar dus die ryk van die dooies is. Die ou heidense natuurgodsdienste het die mens as 'n deel van die altyd weer herlewende natuur beskou. As die mens sterf dan daal hy af na daardie onderwêreld in die dieptes van die kosmiese dood waar alle lewe sluier. Die gedagte van 'n nederdaling na die onderwêreld word by verskillende volkere aangetref. Soms is dit gode wat in die doderyk afdaal en soms is dit mense, soos byvoorbeeld toordokters, wat tot voor die poorte van die onderwêreld kom om daar bomenslike kragte vandaan te haal, of wat die afgestorwenes oor een of ander saak gaan raadpleeg. Die geskiedenis van die verskillende godsdienste lewer verbasend baie materiaal vir 'n studie oor die algemene voorstelling oor die nederdaling na die onderwêreld. Byna in alle nie-Christelike godsdienste word daar iets oor aangetref. Die groot belang om daarvan kennis te neem is om na te gaan in hoeverre daardie heidense gedagtes die ou kerklike voorstellings oor die nederdaling van Christus na die hel ten kwade beïnvloed het.

In die Oue en in die Nuwe Testament word van die nederdaling van die Messias na die hel gepraat. Maar daarmee word heeltemal iets anders bedoel as in die heidense godsdienste. Dit is egter nie op ons weg om hierdie godsdienshistoriese kant te belig nie of om 'n uitlegging van die betrokke Skrifgedeeltes te gee nie. Ons wil hier op die voorstellings wys wat daar in die loop van die eeue in die Christelike Kerk daaroor bestaan het. En dan vind ons dat die ge-

dagtegang van die ou kerkleraars uit die eerste eeue baie sterk deur die ou wêreldbeeld beïnvloed is, en sommige van hulle die nederdaling van Christus na die hel voorgestel het as 'n afdaling na die onderaardse kelderagtige grondverdieping. Baie van hulle was voor hulle bekering tot die Christendom heidense wysgere, of is in die heidense wetenskap van daardie dae opgevoed, waardeur hulle uitlegging van die Skrif deur die heidense voorstellings beïnvloed is.

Die ou kerkleraars het met uitsondering van Origenes die dood van Jesus as uitsluitend vir die aarde van krag beskou, dus net vir die menslike geslag. Origenes (geb. in die jaar 185 of 188 en oorl. in 254) was egter van mening dat die versoeningswerk van Christus tot ver buitekant die mensewêreld uitstrek, tot in die Engelewêreld toe. Die sondeval het oorspronklik in die Engelewêreld plaasgevind en is vandaaruit na die mensewêreld voortgeplant. Christus tree dan ook nie alleen as verlosser van die gevalle mens op nie, maar ook as verlosser van die gevalle Engele. Aan die einde kry ons dan ook 'n verlossing van al die gevalle skepsels en dan vind *die wederoprigting van alle dinge* plaas, 'n gedagte wat hy aan die woorde van Petrus in Handelinge 3 vers 21 ontleen. Dan word alle dinge wat deur die sonde gebreek is, herstel, en dan sal selfs die Duiwel gered word. By Hiëronymus (±345—420), die verteenwoordiger van die geleerde monnikwese, is 'n fragment van 'n geskrif van Origenes bewaar gebly waarin miskien selfs gesinspeel word op 'n verdere lyde van Christus in die hemel om sodoende die verlossingswerk onder die gevalle Engele tot stand te bring.

Vanaf die tweede en die derde eeu het verskillende persone daarop nadruk gelê dat die dood van Christus ook betekenis gehad het vir die mense wat voor sy koms op aarde geleef het. Op grond van bebepaalde Skrifgedeeltes soos Psalm 16 : 10, Handelinge 2 : 27 en 31, Romeine 10 : 7, Efese 4 : 9, 1 Petrus 3 : 19 en 20 is die gedagte uitgespreek dat Christus na sy dood en voor sy opstanding ook in die onderwêreld, die Hades, neergedaal het om daar aan die siele van die Patriarge en ander gelowiges uit die Ou Verbond die volbragte verlossingswerk bekend te maak en hulle in die ryk van sy heerlikheid op te neem. Op 'n paar van daardie uitlatings wil ons die aandag vestig. In die apokriewe Evangelie van Petrus, 'n geskrif wat vóór die einde van die tweede eeu vervaardig is, word in vers 41 aan Jesus by sy opstanding deur 'n stem uit die hemel gevra of Hy aan die dooies gepreek het, waarop Hy „ja" geantwoord het.[1]) Justinus die Martelaar neem in sy Dialoog met Trypho wat eweneens uit die tweede eeu dateer, ook 'n prediking van Christus in die onder-

---

[1]) Dr. W. H. van de Sande Bakhuizen: Evangeliën buiten het Nieuwe Testament (1907) bls. 57.

wêreld aan. Irenaeus (140—206) is iets meer duidelik daaroor. Tertullianus (150—233) vermeld dat Christus na die onderwêreld neergedaal het, en gee dan sy opvatting van daardie gebied weer. Dit is 'n groot diep ruimte binne in die ingewande van die aarde, 'n verborge plek. Christus het daar volgens Mattheus 12 vers 40 drie dae deurgebring om die profete en die patriarge deelgenote van sy oorwinning te maak.[2]) Ook Clemens Alexandrinus sê dat die Heer in die onderwêreld afgedaal het om daar te preek.[3]) Origenes (185—254), die opvolger van Clemens as hoof van die Kategete skool in Alexandrië, het dieselfde opvatting. Jesus het met sy siel, wat van die liggaam ontbloot was, na die onderwêreld gegaan.[4]) Dan is daar nog 'n geskrif, „Die Nederdaling na die Hel" wat uit die vierde eeu afkomstig is. Dit is later met die sogenaamde „Gedenkstukke van Pilatus" tot een boek saamgevoeg en van af die dae van keiser Karel die Grote staan dit as die Evangelie van Nicodemus bekend. Daarin word 'n uitvoerige beskrywing gegee hoe die nederdaling sou plaas gevind het. Maar die voorstelling is so fantasties dat ons dit maar laat rus.[5]) Verder wil ons wys op 'n apokriewe geskiedenis wat by Eusebius (260—339) voorkom.[6]) Koning Abgarus van Edessa sou met Jesus 'n briefwisseling gevoer het. Na die hemelvaart sou die apostel Thaddeus op bevel van Jesus na Abgarus gegaan het en hom die Evangelie verkondig het. Thaddeus sou hom dan o.a. verhaal het hoe Jesus na sy dood in die onderwêreld neergedaal het en die omheining daarvan verskeur het en die dooies daaruit gevoer het.

Ons sien dus dat die gedagte van 'n nederdaling van Christus na die hel vir die ou Christene nie vreemd was nie. As kerklike leerbegrip kom dit egter eers voor in die Derde Sirmiese Formulier van 358, in die Formulier van Nice in 359 en in die van Konstantinopel in 360. Die Sirmiese en die van Nice lui dat „Christus gekruisig was en gesterf het en neergedaal het na die onderste dele van die aarde en die dinge daar gereël het; die deurwagters van die onderwêreld het gesidder toe hulle Hom gesien het." Die van Konstantinopel lui dat „Christus gekruisig was en gesterf het en neergedaal het na die onderste dele van die aarde, terwyl die onderwêreld deur sy teenwoordigheid gesidder het." Dit is egter opmerklik dat die regsinnigheid van juis hierdie Formuliere aan bedenkings onderhewig is.[7])

[2]) De Anima VII en L V.
[3]) Stromateis XLVI, 6.
[4]) Contra Celsum II, 43.
[5]) C. Tischendorf: De Apokryfe Evangeliën, vertaald door L. van Cleef en C. P. Hofstede de Groot (1865) bls. 355—370.
[6]) Historia Ecclesiastica I, 3 : 1—22.
[7]) Socrates: Historia Ecclesiastica XXXVII en XLI. Sirmium is die teenswoordige stad Mitrovica aan die Sava in Yugo Slavië. Die Sirmiese Formuliere van 351, 357, 358 en 359 as ook die van Nice in Trasië het onder semi-Ariaanse en anti-Niceense invloede tot stand gekom. Pous Liberius het die Derde Sirmiese

Soos ons reeds gesê het kom die artikel oor die nederdaling eers in die jaar 390 in die Apostoliese Geloofsbelydenis voor. In die sesde eeu kom dit ook voor in die Athanasiaanse Belydenis.[8]) Johannes van Damaskus (700—753), die laaste groot dogmatikus van die ou Oosterse Kerk, gee die volgende uiteensetting: Nadat die siel van Christus vergoddelik was, het dit na die onderwêreld neergedaal sodat Hy tegelyk met die opgaan van die Son van Geregtigheid op aarde aan hulle wat onder die aarde in die duisternis van die skadu van die dood sit, lig mag bring; en net soos Hy die boodskap van vrede aan die mense op die aarde gebring het, het hy dieselfde vir die mense in die onderwêreld gedoen.[9])

Die opvatting van die Roomse Kerk oor die nederdaling na die hel hang saam met sy voorstelling oor die hiernamaals. Rome leer dat daar vyf verskillende verblyfplekke is vir die afgestorwenes, naamlik die *hemel* waar die gesaligdes is; die *hel* waar die siele van die verdoemdes gefolter word; die *vagevuur* waar die siele van diegene wat nie verdoem is nie maar wat ook nog nie genade het om na die hemel te gaan nie, in 'n vuur gelouter word om later salig te word; die *limbus infantum*, die rand of voorportaal van die hel waar die siele van die ongedoop gestorwe kindertjies hulle bevind, daar is egter geen pyniging nie; en ten laaste is daar die *limbus patrum*, die skoot van Abraham, die voorportaal waar die siele van die vromes van die Ou Verbond verblyf gehou het en op die verlossing gewag het. Met die nederdaling na die hel het Christus na daardie limbus patrum gegaan om daardie ou gelowiges daaruit weg te neem en na die hemel oor te bring. Dit is dan ook van af daardie tyd leeg. Skriftuurplekke soos Filipense 2 vers 10 en Efese 4 vers 8 sou dan betrekking hê op die oorbring van die siele uit die limbus patrum na die hemel. Die Franse skolastikus Pierre Abelardus (1079—1142) het die wesenlike nederdaling van Christus na die hel ontken, maar die Synode van Sens het sy opvatting in die jaar 1140 veroordeel. In 1215 het die vierde Late-

---

Formulier onderteken, iets waar die Roomse Kerk in verband met die leer van die onfeilbaarheid van die Pous baie verleë mee is, sien C. J. von Hefele: Conciliengeschichte I (1873) p.681-697; George Salmon: The Infalibility of the Church (1923) p. 424-429; Dr. J. de Jong, Aartsbiskop van Utrecht: Handboek der Kerkgeskiedenis, derde druk (1936) deel II bls. 225-226; W. Nolet oud-Hoogleraar van die Roomse Seminarie te Warmond: Beknopt Handboek der Kerkgeschiedenis, derde druk (1937) bls. 104-105. Die Formulier van Nice is met opset juis in daardie stadjie onderteken, met die bedoeling dat die mense dit vir die ortodokse Belydenis van Nicea sou aansien, aangesien die name Nice en Nicea baie op mekaar lyk, sien Socrates: Hist. Eccl. XXXVII: Hefele: Conciliengeschichte I p. 708; B. J. Kidd: A History of the Church to A.D. 461 vol II (1922) p. 171.

[8]) In die Apostoliese Geloofsbelydenis is die lesing *Descendit ad Inferna*, en in die Geloofsbelydenis van Athanasius is dit *Descendit ad Inferos*. Hierdie laasgenoemde Geloofsbelydenis is nie van die hand van Athanasius nie. Dit is eers lank na hom vervaardig.

[9]) Johannes Damascenus: De Fide Orthodoxa III. 29. In die Groot Kategismus van die Ortodoks Oosterse Kerk, vraag 215, word vandag nog dieselfde geleer.

raanse konsilie die leerstuk van die nederdaling nader omskryf. Die wyse waarop dit gedoen is staan in verband met die Roomse opvatting van die liggamelike alomteenwoordigheid van Christus. Hy was volgen's Rome as mens nie aan die perke van die tyd en die ruimte onderworpe nie. Hierdie opvatting van die liggamelike alomteenwoordigheid van Christus kom ook uit in die leerstuk van die transsubstansiasie waarin geleer word dat die brood en die wyn by die avondmaal in werklike vlees en bloed van Christus verander, sodat Hy by die avondmaalsviering liggamelik teenwoordig is. In 'n bekende Rooms Katolieke Dogmatiek[10]) word dan ook die volgende oor die nederdaling gesê: „The Son of man after Death descended into hell, thus sharing to the end the common lot of His brethren. But although his body and his soul were separated from one another, they both remained united to the Divine Person. Even after death Christ possessed a body and a soul, and thus was still man in a fuller sense than the other dead. The person of Christ was at the same time in Limbo and in the sepulchre; yet all that belongs to His person was in neither place." Dit is duidelik dat dit in die lyn van die docetisme lê, die kettery wat leer dat Christus op aarde slegs 'n skyn liggaam gehad het en alleen in skyn 'n algemeen menslike natuur aangeneem het.

Die Hervormers het die Rooms Katolieke opvatting oor die kerklike oorlewing as een van die kenbronne van die besondere openbaring Gods en wat gelyk staan met die Heilige Skrif, verwerp. Die konsekwensie hiervan was dat hulle ook verskillende Roomse leerstellings wat in die heidendom wortel, losgelaat het. Een hiervan is die leer van die vagevuur en van die twee voorportale of voorburgte van die hel. Hierdeur het hulle ook tot 'n ander opvatting van die nederdaling gekom wat op die Skrif berus.

Luther het op verskillende tye verskillende beskouings oor die nederdaling uitgespreek. Dit kom in hoofsaaak hierop neer dat dit 'n oorwinning van Christus oor die ryk van Satan is. In 1533 het hy in Torgau 'n preek hieroor gehou[11]) waarin hy betoog het dat dit vir ons voldoende moet wees om aan die nederdaling van Christus na die hel te glo, maar ons moet nie te nuuskierig daaroor wees nie. Dit is duidelik dat Luther, waar hy 'n werklike nederdaling na die hel aangeneem het, dit moes beskou as 'n triomfering van Christus in die hel oor die Satan. Hy het die bestaan van 'n vagevuur en van twee voorportale van die hel verwerp, en al wat hy aangeneem het, was die bestaan van die hel as folteringsplek vir die verdoemdes. Luther kon natuurlik nooit aanvaar dat Christus na sy dood na die hel moes

[10]) Joseph Wilhelm and Thomas B. Scannell: A Manual of Catholic Theology based on Scheebens Dogmatik, vol II. p 177.

[11]) D. Martin Luthers Werke, Weimar (1910) 37. Band, p. 35 vv.

gaan om daar verder te ly nie, want dit sou in stryd wees met sy woorde aan die kruis toe Hy voor sy sterwe uitgeroep het „dit is volbring!" Daarom is die nederdaling nie as 'n trap in die vernedering van Christus beskou nie, nie as 'n deel van sy lyde nie: dit is beskou as 'n trap in sy verhoging, die begin van sy opklimming vanuit die dieptepunt na die hoogtepunt as 'n deel van sy oorwinning.

In 1544, twee jaar voor die dood van Luther, het daar onder die Lutherane in Duitsland 'n groot twis oor hierdie leerstuk ontbrand, waarby die raad van Luther in sy Torgause preek om nie te nuuskierig daarop in te gaan nie, blykbaar vergeet is. 'n Lutherse predikant in Hamburg, Johannes Aepinus (1499—1553), het Psalm 16 vers 10 in die sin verklaar dat die nederdaling van Christus na die hel tot die staat van sy vernedering behoort, want Hy het met sy siel in die hel gedaal en die helse pyne gely. Dit het veral in Hamburg 'n felle stryd veroorsaak. Die stadsbestuur aldaar het die voorligting van Melanchthon ingeroep. Hy het egter baie versigtig geantwoord en daarteen gewaarsku om nie oor dinge te preek wat aan ons nie duidelik geopenbaar is nie. Verder het hy na die Torgause preek van Luther verwys waarin die nederdaling van Christus as 'n triomftog deur die helse magte beskryf word, sodat geen gelowige enige vrees meer vir die Duiwel of die verdoemenis behoef te hê nie. Die nederdaling behoort dus nie tot die staat van die vernedering maar tot die staat van die verhoging van Christus. Melanchthon het ook die stadsbestuur aangeraai om die predikante te verbied om die geskil op die preekstoel te bring.

In 1577 is die laaste Lutherse belydenisskrif voltooi. Dit het in 1580 vir die eerste keer in druk verskyn en staan bekend onder die naam van Formulier van Eendrag (Formula Concordiae). Dit is opgestel met die doel om 'n uitspraak te gee oor 'n reeks van leerstellige geskilpunte wat in Duitsland in die Lutherse Kerk ontstaan het. In die negende artikel word oor die nederdaling van Christus na die hel gehandel. Nadat die artikel as een van die geskilpunte die vraag genoem het of die nederdaling voor of na die dood van Christus plaasgevind het, of Hy alleen met sy siel of met sy godheid of met siel en liggaam neergedaal het, of dit geestelik of liggaamlik plaasgevind het, en of dit op sy lyde of op sy oorwinning en triomf sien, sê die artikel dat ons die nederdaling nie met ons verstand of met ons rede kan vat nie. Dit moet in die geloof aanvaar word en daar moet nie oor gestry word nie maar dit moet so eenvoudig as moontlik geleer word. Dan word verwys na die Torgause preek van Luther waarin alle nuuskierige vrae afgesny word en aangedring word op 'n eenvoudige vroom geloof. Dit moet vir ons genoeg wees om te weet dat Christus na die hel neergedaal het en die helse mag vir alle gelowiges vernietig het, waardeur ons uit die mag van die dood en van Satan en van die

ewige verdoemenis en uit die muil van die hel geruk is. Maar ons moet nie nuuskierig vra hoe dit geskied het nie. Ons moet vir hierdie kennis wag tot op die ander wêreld waar nie alleen hierdie verborgenheid nie maar ook baie ander dinge wat ons nou nie verstaan nie, vir ons geopenbaar sal word.

Later Lutherse dogmatici het nog onderskei tussen 'n interne en 'n eksterne opstanding van Christus en het die nederdaling na die hel daar tussen geplaas. Die Heer sou dan na sy opstanding, maar vóór sy uittrede uit die graf, nog eers na die hel gedaal het om daar sy mag en sy oorwinning oor die duiwel te proklameer. Ons gaan egter nie op hierdie spitsvondighede in nie. Dit is uit die dae van die verval van die Teologie toe die deur die Hervormers uitgeworpe Skolastiek tog weer by die agterdeur ingesluip het en hom in die Protestantisme laat geld het.

Die Hervormde opvatting is anders. Die nederdaling na die hel is volgens die Hervormde Teoloë nie soos by die Lutherse die begin van die verhoging van Christus nie, maar die eindpunt van sy vernedering. Daar is egter nie volkome eenstemmigheid onder die Hervormdes nie. Daar is twee rigtings waarin die denke oor hierdie diep vraagstuk gaan. Die een laat die nederdaling sien op die lyde van Christus aan die kruis en die ander laat dit sien op sy dood en verblyf in die graf.

Calvyn (1509-1564) verwerp met nadruk die gedagte dat die artikel oor die nederdaling in die Apostoliese Geloofsbelydenis slegs 'n herhaling sou wees van die voorgaande artikel oor die begrawe van die Heer. In die belydenis van die nederdaling sien Calvyn 'n belydenis dat Christus met helse heirkragte en met die skrik van die ewige dood moes worstel. Sy siel is aangegryp deur 'n hewige angs wat Petrus die smarte van die dood noem.[12])

Die Heidelbergse Kategismus het in vraag 44 dieselfde beskouing as Calvyn. Die nederdaling beteken volgens die antwoord die onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Christus in sy ganse lyde, maar veral aan die kruis, versink het.

Dit spreek vanself dat hierdie beskouing deur tal van dogmatici en predikante in die Hervormde Kerk gevolg is. Dit is nie nodig om hulle hier by name te noem nie.

Swingli (1484-1531) verteenwoordig die ander Hervormde beskouing. Volgens hom bedoel die Apostoliese Geloofsbelydenis met die nederdaling na die hel om 'n omskrywing van die waaragtige dood van die Heer te gee. In hierdie opvatting is hy deur verskillende Teoloë gevolg, waarvan ons 'n paar wil noem.

---

[12]) Institute II. 16 : 8, 9, 10, 11, 12. Verder sy Kategismus, Sondag 10.

Beza (1519-1605), die medestander en opvolger van Calvyn in Genève, het in teenspraak met laasgenoemde in die nederdaling 'n nadere omskrywing van die begrawing van die Heer gesien.[13])

Olivianus (1536-1587) wat een van die samestellers van die Heidelbergse Kategismus was, noem dit die uiterste smaad van die dood van Christus. Die drie trappe van sy vernedering was sy dood, sy begrawing en sy nederdaling na die hel; die drie trappe van sy verhoging was sy opstanding, sy hemelvaart en sy sit aan Gods regterhand. Teenoor die dood word die opstanding ten lewe gestel, teenoor die graf as woonplek van die dood word die salige hemel gestel, en teenoor die nederdaling na die hel as uiterste trap van die vernedering in oneer word die sit aan die regterhand van God gestel as die hoogste trap van die verhoging in heerlikheid.[14])

Die bekende dogmatiese handboek wat in die sewentiende eeu aan die Nederlandse Universiteite gebruik is, nl. die Synopsis Purioris Theologiae,[15]) verklaar dat mens onder die nederdaling net so goed die staat van die dood as die gelede helse smarte kan verstaan.[16])

Die Engelse Kerk het die betekenis van hierdie moeilike geloofstuk in dieselfde rigting as Swingli, Beza en Olivianus gesoek. Artikel 3 van die Engelse belydenisskrif The Thirty-Nine Articles lui: „As Christ died for us, and was burried, so also is it to be believed that He went down into Hell." Die nederdaling word na die begrawing gestel. Toe die Heidelbergse Kategismus op die Dordtse Synode voorgelees is, het die Engelse afgevaardigdes met nadruk verklaar dat hulle nie met die uitleg van die Kategismus op hierdie punt kon saamgaan nie, en dat hulle hul aan die Engelse verklaring hou.[17]) Engelse teoloë as Perkins (1558-1602) en Amesius (1576-1633) het daardie verklaring verdedig. Die Westminsterse Belydenis van 1647 beskou die nederdaling dan ook dat Christus „remained under the power of death"[18]) en die Westminsterse Kategismus van dieselfde jaar dat Christus „continued in the state of the dead, and under the power of death until the third day."[19])

Laat ons nog 'n paar Nederlandse teoloë noem, en dan wys ons in die eerste plek op Petrus van Mastricht (1630-1706) wat in 1677 die opvolger van Voetius in Utrecht geword het. Hy gee drieërlei

---

[13]) Dr. A. G. Honig sê ten onregte op bls. 511 van sy Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek (1938) dat Beza dieselfde opvatting as Calvyn gehad het. Sien Beza oor Handeling 2 : 26 en 27.

[14]) Casper Olivianus: Verklaring der Apostolische Geloofsbelydenis (Nederl. vertaling, tweede druk 1868) bls. 100-109, 242-259.

[15]) Saamgestel deur die Leidse professore Johannes Polyander, Antonius Walaeus, Antonius Thysius en Andreas Rivetus. Die eerste druk het in 1625 verskyn.

[16]) Sesde druk (1881) bls. 270-271.

[17]) G. Brandt: Historie der Reformatie, deel III (1704) bls. 578-580; B. Glasius: Geschiedenis der Nationale Synode, deel II (1861) bls. 236.

[18]) Cap. VIII, 4.

[19]) Aldus aan die slot.

betekenis aan die nederdaling. Ten eerste sien dit op die liggamelike begrawing van Christus, en dus sy nederdaling in die graf; ten tweede sien dit op die nederdaling van sy siel in 'n helse staat waardeur Hy die helse strawwe in sy siel ondervind het; ten derde sien dit op die nederdaling van die gehele mens Christus in die mag en in die heerskappy van die dood en die duisternis.[20]) Wilhelmus à Brakel (1635-1711) wie se Redelijke Godsdienst onder ons voorgeslagte so bekend was en baie gelees is, sê daarin kort en bondig „dat begraven ende nedergedaelt ter helle 't selfde is." [21])

In 1713 het 'n Hervormde predikant in Nederland, Ds. Aegidius Francken, 'n katkisasieboek onder die titel „Kern der Christelijke Leere, dat is de Waerheden van den Hervormden Godsdienst," uitgegee. Sy eerste oogmerk hiermee was dat sy vrou dit by die opvoeding van hulle kinders kon gebruik „om hen de saligmaekende gronden des geloofs in te planten en tot een teedere wandel voor des Heeren aangesigt aan te setten," en verder dat sy gemeentelede dit met dieselfde doel kon aanwend. Francken sê hierin dat mens die nederdaling van Christus na die hel sou kon opvat as „de staet van Christus in de dood na de scheydinge syner siele van het ligchaem gedurende drie dagen, die hy in de staet der dooden is geweest," of mens kan dit ook met die Heidelbergse Kategismus opvat as „de helsche angsten en benauwtheden, welke Christus in sijn siel heeft geleden." [22]) Hierdie „Kern" van Ds. Francken is na die Afskeiding van 1834 in Nederland as handboek by die studie van dogmatiek gebruik by die opleiding van predikante vir die (afgeskeie) Gereformeerde Kerk,[23]) en dit is daarom in die negentiende eeu dan ook meermale herdruk, voorsien met 'n voorrede van Ds. T. F. De Haan, een van die eerste dosente van die Teologiese skool in Kampen in 1854.

Prof. D. Postma, die stigter van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, is in 1839/40 deur Ds. De Haan as predikant opgelei nog voordat laasgenoemde dosent van die Teologiese skool was. Postma het dus sonder twyfel die „Kern" van Francken in sy studiejaar bestudeer, en toe hy later in Suid-Afrika self predikante opgelei het, was dit een van die dogmatiese handboeke wat sy studente moes gebruik. In 1875 het hy 'n enigsins vereenvoudigde bewerking daarvan uitgegee onder die titel „Mijne Handleiding voor de Godgeleerdheid volgens de Kern van Aegidius Francken." Hy het dit nie alleen met die oog op sy teologiese studente gedoen nie, maar ook, soos hy in die voorberig skryf, „opdat niemand naderhand behoeft te vragen: Wat

---

[20]) Petrus van Mastricht: Beschouwende en Praktikale Godgeleertheit deel II (1749) bls. 776-780.

[21]) Eerste deel Cap. XXII, 8, sewende druk (1717) bls. 479.

[22]) Kern der Christelijke Leere, tiende druk (1751) bls. 219.

[23]) Dr. H. Bouwman: Onder Veilige Hoede, De Theol. School te Kampen gedurende de jaren 1854-1924, bls. 8 en 30.

heeft Postma onderwezen?" Dit is interessant om daarin sy opvatting oor die nederdaling te lees. Hy onderskei die vernedering van Christus in vier opsigte, nl. sy menswording, sy besonder swaar lyde, sy kruisdood en sy begrawing. Die nederdaling na die hel word glad nie genoem nie.[24]) 'n Paar bladsye verder gee hy rekenskap waarom hy dit weglaat, en wel omdat dit „geene eigenlijke trap van vernedering in het lijden van Christus kan genoemd worden," want die ou Kerk het onder die nederdaling dieselfde as onder die begrawing verstaan, en dit stem ook die meeste met die Bybel ooreen, sodat „nederdalen ter hel en begraven worden, twee woorden voor dezelfde zaak zijn, geen twee zaken"; waar die Kategismus die nederdaling tot die sielelyde van Christus terugbring, val dit tog onder die lyde van Christus en vorm dus in hierdie geval ook geen trap van vernedering nie. Net soos die reeds genoemde teoloë verkies prof. Postma dus die verklaring van Swingli in hierdie opsig bo die van Calvyn.

Ten slotte wil ons nog wys op die verklaring van die bekende Dr. H. F. Kohlbrugge. Op die vraag „Was Christus dan in de hel, toen Hy in het graf lag?" gee hy as antwoord: „Gewis, voor zoo ver namelijk, als een iegelijk, die gestorven is, tot zijne verrijzenis toe, in de macht des duivels is. Intusschen is de in Jezus ontslapene in de macht des duivels, gelijk een schip onder embargo, maar waarvan de vrijlating reeds eene uitgemaakte zaak is. De ziel is niettemin ook in de handen des Vaders overgegeven en even zeker in het paradijs, dat is, in den hemel." [25])

*Samevatting.* Ons sien dus dat die opvatting van sommige ou kerkleraars oor die hiernamaals heidense bestanddele bevat het, waardeur die beskouing van die Roomse Kerk oor die nederdaling beinvloed is. Rome leer dat die hiernamaals vyf verskillende plekke bevat. Christus het na een van daardie vyf plekke afgedaal. en wel na die verblyfplek van die gelowiges wat voor sy volbragte verlossingswerk dood is. Die Hervormers het dit verwerp. Luther het 'n werklike nederdaling na die hel aangeneem, wat daarin bestaan het, dat Christus sy oorwinning oor die dood en oor Satan in die hel gaan bekend maak het. Dit was die eerste trap van sy verhoging uit die staat van vernedering. Die Hervormde Kerk reken die nederdaling tot die laaste trap van die vernedering van Christus. Maar oor die betekenis is daar twee opvattings: die een sien daarin die lyding van helse pyne aan die kruis, en die ander verstaan daaronder die dieptepunt van sy lyding en vernedering, naamlik die staat van die dood waarin Hy drie dae verkeer het.

S. P. ENGELBRECHT.

---

[24]) Mijne Handleiding ,bls. 191.

[25]) Dr. H. F. Kohlbrugge: vragen en antwoorden tot opheldering en bevestiging van den Heidelbergschen Catechismus, vyfde druk (1900) bls. 100-101.